
**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer
in die Eerste Presidentskap



# Alles Is Wel!

Wanneer ek aan die pioneer erfenis dink, is die gesang, Kom, Heil'ges Kom" (*Gesang,* no. 30) een van die mees hart roerende dinge wat na my gedagtes kom. Diegene wat die trek na die Salt Lake Vallei aangepak het, het gereeld hierdie gesang gedurende hulle roete, gesing.

Ek is heeltemal bewus daarvan dat alles nie wel was met die Heiliges nie. Hulle was deur siektes, hitte, uitputing, koue, angs, honger, pyn, weifeling, en selfs met die dood, geteister.

Maar ten spyte daarvan dat hulle alle reg gehad het om "Alles is nie wel nie" te skreeu, het hulle 'n houding aangekweek wat ons vandag nie kan help om te bewonder nie. Hulle het verby hulle probleme gekyk, na ewigdurende seëninge toe. Hulle was dankbaar in hulle omstandighede. Ten spyte van alle getynis teen hulle, het hulle steeds uit volle bors gesing, "Alles is wel!"

Ons eerbetoning vir die pioniers is hol as dit ons nie aanspoor tot 'n diepe innerlike refleksie nie. Ek noem 'n paar eienskappe wat my inspireer soos wat ek hulle opoffering en toewyding oorweeg.

**Medelye**

Die pioniers het vir mekaar omgegee ten spyte van sosiale, ekonomiese, of politiese agtergronde. Selfs wanneer dit hulle vordering gestuit het, ongerief veroorsaak het, of persoonlike opoffering en swoeg beteken het, het hulle steeds mekaar gehelp.

In ons doel-gerugte en partygesinde wêreld, kan individuele en partygesinde doelwitte voorrang geniet bo die hulp verleening aan andere en die opbou van die koninkryk van God. In vandag se samelewing, mag die bereik van sekere ideologiese doelwitte, 'n maatstok van ons waarde weerspieël.

Om doelwitte te stel en te bereik, kan 'n wonderlike ding wees. Maar wanneer die prys van sukses, in die bereik van ons doelwitte, kom tot minagting van andere, of om andere te ignoreer, of seer te maak, mag die koste daarvan te kosbaar wees.

Die pioneers het na diegene in hul gemeenskap omgesien, maar het ook diegene wat ná hulle sou kom in aanmerking geneem deur oeste te saai vir die wa-treine wat sou volg.

Hulle het die krag van familie en vriende erken. En omdat hulle op mekaar staat gemaak het, het hulle sterk geword. Vriende het familie geword.

Die pioniers dien as 'n goeie herrinering van hoekom ons moet wegbreuk van die versoeking om onsself te issoleer en, in stede daarvan, om uit te ryk om ander te help en medelye en liefde vir een en elk te hê.

**Werk**

"Kom, Heiliges kom, geen swoeg of werk te vrees."

Hierdie sin het 'n loflied vir uitgeputte reisigers geword. Dit is moeilik om te begryp hoe hard hierdie wonderlike siele geswoeg het. Om te loop, was een van die maklikste

dinge wat hulle gedoen het. Hulle moes almal saamtrek deur kos te voorsien, waens heel te maak, na diere om te sien, om siekes en swakkes te versorg, om water uit te soek en te versamel, en om hulself teen die elemente en die gevare van die wildernis te beskerm.

Hulle het elke oggend ontwaak met kristal helder doelwitte wat elkeen verstaan het: om God en hul medemens te dien en om in die Salt Lake Vallei aan te kom. Elke dag was hulle doelwitte duidelik; hulle het presies geweet wat van hulle verwag word en dat elke dag se vordering belangrik was.

In die tye waarin ons leef—wanneer soveel wat ons begeer binne ons beryk is—is dit 'n groot versoeking om ter syde te draai of om op te gee wanneer die pad wat voorlê 'n bietjie rof raak of wanneer die helling voor ons 'n bietjie styl word. Gedurende hierdie oomblikke, mag dit ons dalk inspireer om aan hierdie mans, vrouens, en kinders te dink, wat nie toegelaat het dat siekte, teenspoed, pyn, of selfs die dood, hulle van hul verkose weë ontspoor het nie.

Die pioniers het geleer dat om moeilike dinge te doen, het hulle liggame, denke, en gees versterk en verdiep; dit het hulle verstandhouding van ons goddelike herkoms vergroot; en hul medelye vir andere verdiep. Hierdie gewoonte het hulle siele versterk en was steeds aan hulle 'n seëning, lank nadat hulle trek oor die vlaktes en berge geëindig het.

#### Optimisme

Terwyl die pioniers gesing het, het hulle aan 'n derde les uiting gegee: "Gaan jul weg, vreugdevol."

Vandag is dit so ironies dat ons met soveel geseënd is, en tog kan ons so ongelukkig wees. Die wondere van voorspoed en tegnologie oorweldig ons en oorlaai ons met sekuriteit, vermaak, oombliklike bevrediging, en gerief. En tog sien ons soveel ongeluk rondom ons.

Die pioniers, wie soveel opgeoffer het, en wat sonder van die mees basiese noodsaaklikhede gegaan het, om te oorleef. Hulle het verstaan dat geluk nie afhanklik was van toeval of ongeluk nie. Dit kom beslis nie daarvan om al ons wense waar te laat word nie. Geluk kom nie van eksterne omstandighede nie. Dit kom van binne af—ongeag wat om ons aangaan.

Die pioniers het dit geweet, en met daardie gees het hulle geluk gevind in alle omstandighede en in elke beproewing—tot in daardie beproewinge wat ingeryk het en die diepste water van hulle siele geroer het.

#### Beproewinge

Ons kyk baie keer terug na wat die pioniers moes verduur het en sê met dankbaarheid, "Dankie tog dat ek nie in daardie tyd geleef het nie." Maar ek wonder of daardie heldhaftige pioniers, as hulle ons vandag kon sien, nie dieselfde kommer sou uitgespreek het nie.

Alhoewel omstandighede en tye verander het, het die beginsel, om swaar tye in die gesig te staar en om suksesvol saam te leef, as 'n vooruitstrewende en besorgde gemeenskap onder God, nie verander nie.

Ons kan van die pioniers leer om geloof en vertroue in God te hê. Ons kan leer om medelye met ander te hê. Ons kan leer dat harde werk en industrie, ons nie net wesenlik nie, maar ook geestelik seën. Ons kan leer dat geluk vir ons beskikbaar is, ten spyte van ons omstandighede.

Die enigste manier hoe ons die pioniers kan vereer en ons dankbaarheid aan hulle kan bewys, is om hulle geloofwaardigheid aan God se gebooie, medelye en liefde vir hulle naaste, en hulle industrie, optimisme, en vreugde, wat die pioniers so goed in hulle eie lewens gedemonstreer het, in ons eie lewens toe te pas.

Soos wat ons dit doen, kan ons oor die dekades van tyd uitreik, die pioniers se hande in ons hande neem, en ons stemme tesame met hulle s'n laat weerklink in die lofsang: "Alles is wel! Alles is wel!

### ONDERRIG UIT HIERDIE BOODSKAP

Jy mag dalk wil begin deur "Kom, Heil'ges Kom" (*Gesang,* no. 30) te sing saam met diegene wat jy besoek. Jy kan 'n geleentheid deel toe jy of iemand wat jy ken die beginsels van medelye, werk, of optimisme toegepas het. In dien deur die Gees gelei, kan jy getuig van die seëninge wat voortvloei uit die toepassing van hierdie beginsels, en aan diegene wie jy besoek, belowe dat hulle soortgelyke seëninge kan ontvang.

## JEUG

### Om 'n Dagboek Te Hou

President Uchdorf vergelyk ons dag met die tye van die pioniers. Al mag jy dalk nie die vlaktes oorgesteek het nie, is jy meer soos die pioniers as wat jy mag dink! Jy kan ook medelye, harde werk en optimisme vorendag lê. En net soos ons weet dat die pioniers hierdie kwaliteite vorendag gelê het, deur die verslae wat hulle agter gelaat het, kan jou nasate jou, deur jou dagboek, leer ken.

Neem 'n paar minute om ietsie aangaande jouself in jou dagboek te skryf. Jy kan oor geestelike dinge skryf, soos hoe jy jou getuienis ontwikkel het of hoe jy uitdagings met Hemelse Vader se hulp oorkom het. Jy kan ook jou agter-kleinkinders help (wat dalk eendag jou dagboek mag lees!) om te weet hoe jou daaglikse lewe was. Watter projekte is jy mee besig op skool? Hoe lyk jou kamer? Wat is jou gunsteling herinnering van jou familie?

Soos wat jy begin om elke dag 'n klein bietjie te skryf, sal jy nie net presies kan sien hoe Hemelse Vader jou deur jou daaglikse lewe help nie, net soos wat Hy die pioniers gelei het, maar jy sal ook 'n nalatingskap vir jou eie toekomstige nasate nalaat.

## KINDERS

### Volg die Pioniers se Voorbeeld

President Uchtdorf verwys na 'n paar maniere waardeur die pioniers liefde aan Hemelse Vader betoon het. Jy kan hulle voorbeeld volg. Hier is 'n paar idees om jou te help om te begin:

**MEDELEIE**

- ☐ Skryf 'n vriendelike nota of maak 'n lekkerny vir iemand wat hartseer is.
- ☐ Help 'n klasmaat met sy of haar huiswerk.

**WERK**

- ☐ Stel 'n doel. Doen iets elke dag om jou te help om jou doel te beryk.
- ☐ Help jou ouers om aandete voor te berei.

**OPTIMISME**

- ☐ Maak 'n lys van 10 dinge in jou lewe wat wat vir jou geluk bring.
- ☐ Glimlag vir almal wat jy sien.

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van *First Presidency Message, July 2015*. Afrikaans. 12587 501

# Godelikke Eienskappe van Jesus Christus: Vergifnis en Barmhartigheid

Geloof, Familie, Verligting

*Bestudeer hierdie materiaal biddend en vra om te weet wat om te deel. Hoe sal 'n begrip van die lewe en missie van die Verlosser jou geloof in Hom vermeerder en diegene seën oor wie jy as vroue besoeker, waak? Vir meer inligting, gaan na reliefsociety.lds.org.*

*Dit is deel van 'n reeks Vroue Besoek Boodskappe wat eienskappe van die Verlosser bevat.*

Deur te verstaan dat Jesus Christus vergewensgesind en barmhartig teenoor ons is, kan ons help om andere te vergewe en barmhartigheid aan hulle te betoon. "Jesus Christus is ons Voorbeeld," het President Thomas S. Monson gesê. "Sy lewe was 'n legende van liefde. Hy het die siekes genees; Hy het die vertraptes opgelig; Hy het die sondaar gered. Die woedende skare het in die einde Sy lewe geneem. Maar tog lui daar vanaf die berg Golgota die woorde: 'Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie' —'n kronende uitdrukking in sterflikheid, van deernis en liefde."[1]

Indien ons diegene vergewe wat teen ons sondig, sal ons Hemelse Vader ons ook vergewe. Jesus vra ons "wees dan barmhartig, soos julle Vader ook barmhartig is" (Lukas 6:36). "Vergifnis vir *ons* sondes kom met voorwaardes," het President Dieter F. Uchtdorf, Tweede raadgewer in die Eerste Presidentskap, gesê. "Ons moet bekeer. . . . Het elkeen van ons, op een of ander tydstip, nie die genadetroon in nederigheid genader om vir genade te smeek nie? Het ons nie ook met al die energie van ons wese gewens vir genade—om vergewe te word vir foute wat ons gemaak het en sondes wat ons gepleeg het nie? . . . Laat toe dat Christus se Versoening jou hart verander en genees. Wees lief vir mekaar. Vergewe mekaar."[2]

### *Addisionele Skrifgedeeltes*

Matthéüs 6:14–15; Lukas 6:36–37; Alma 34:14–16

### *Uit die Skrifture*

"Ons moet vergewe soos wat ons vergewe word," het Ouderling Jeffrey R. Holland van die Kworum van die Twaalf Apostels gesê.[3] Die storie van die verlore seun wys vir ons albei kante van vergifnis: die een seun is vergewe terwyl die ander seun gesukkel het om te vergewe.

Die jongste seun het sy erfenis geneem, dit vinnig gespandeer, en toe 'n hongersnood kom, het hy gewerk deur varke op te pas. Die skriftiere leer ons "hy het tot homself gekom," en het huis toe gekeer en aan sy vader gesê dat hy nie waardig is om sy seun te wees nie. Maar sy vader het hom vergewe en het 'n vetgemaakte kalf vir 'n fees geslag. Die ouer seun het terug gekeer nadat hy in die velde gewerk het en het kwaad geword. Hy het sy vader herinner dat hy vir baie jare gedien het, en nooit die gebooie verbreek het nie, en tog "vir my het u nooit 'n bokkie gegee, sodat ek saam met my vriende vrolik kon wees nie." Die vader het geantwoord, "Kind, jy is altyd by my, en al wat myne is, is joune. Ons moet tog vrolik en bly wees, want hierdie broer van jou was dood en het weer lewendig geword, en hy was verlore en is gevind" (sien Lukas 15:11–32).

**NOTAS**

1. Thomas S. Monson, "Liefde, die Wese van die Evangelie," *Liahona,* Mei 2014, 91.
2. Dieter F. Uchtdorf, "Die Barmhartiges Ontvang Barmhartigheid," *Liahona,* Mei 2012, 70, 75, 77; klem in die oorspronklike.
3. Jeffrey R. Holland, "Die Vreedsame Dinge van die Koninkryk," *Ensign,* Nov. 1996, 83.

### *Ter Oorweging*

Hoe kan vergifnis, die een wie vergewe, tot voordeel wees?

© 2015 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6/15. Vertalings goedkeuring: 6/15.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, July 2015.* Afrikaans. 12587 501